



## CHIEF MARKER'S REPORT

VAK:

Afrikaans Huistaal P1

### 1. ANALYSIS OF QUESTION BY QUESTION PERFORMANCE

#### VRAAG 1

1.1 Die vraag het die leerder se leesbegrip en visuele geletterdheid getoets. Vrae 1.1-1.11 het oor 'n tydskrifartikel uit Finweek gehandel. Vrae 1.12-1.17 het oor 'n advertensie uit Rooi Rose gegaan.

1.2 Leeruitkoms 2 (Lees en Kyk) is getoets. Die volgende assesseringstandaarde was van toepassing:

AS 1 : 1.1, 1.3, 1.4, 1.6 en 1.7

AS 2 : 2.1, 2.2, 2.4, 2.8 en 2.10

AS 4 : 4.2

Die leesbegrip-vraag is bevredigend beantwoord.

1.3

- 1.1- MAKLIKE VRAAG:  
Die leerders moes vluglees om by die antwoord uit te kom. 'n Goeie begin vir 'n vraestel en leerders kon dit doen.
- 1.2- REGVERDIGE VRAAG:  
Die leerders moes 'n afleiding uit die teks maak en dit motiveer en het hulle heel goed van hulle taak gekwyt.
- 1.3- REGVERDIGE VRAAG:  
Die leerders moes noem waarvandaan die produkte kom en het nie gesukkel daarmee nie.
- 1.4- STRIKVRAAG:  
Die leerders moes 'n tabel voltooi deur met 'n sinsdeel of sin aan te dui hoe vervalsing die belanghebbende benadeel. Die tabelkonsep was vir hulle vreemd en baie het verward geraak in hulle aanbieding.
- 1.5- REGVERDIGE VRAAG:  
Die leerders moes redes aanvoer en het goed gevaar.
- 1.6- REGVERDIGE VRAAG:  
Die leerders moes aflei waarom 'n produk risiko's inhou en kon dit goed doen.
- 1.7- REGVERDIGE VRAAG:  
Die leerders moes geïmpliseerde betekenis aflei en kon dit doen.
- 1.8- MAKLIKE VRAAG:  
Die leerders moes sê hoe iets beskerm word en hulle kon soeklees vir die antwoord.
- 1.9- MOEILIKE VRAAG:  
Die leerders het gesukkel om die teikenmark te identifiseer in die korrekte woorde.
- 1.10- REGVERDIGE VRAAG:  
Die leerders moes sê watter soort tydskrif dit is en kon hul logika gebruik.
- 1.11- OULIKE VRAAG:  
Die leerders moes versagter omstandighede aanbied vir 'n saak en het hulle goed van hulle taak gekwyt.
- 1.12- REGVERDIGE VRAAG:  
Die leerders moes bewyse aanvoer waarom die advertensie op die wintermark geskoei is. Hulle moes fyn waarneem om by die antwoord te kom en baie het klei getrap met hulle antwoorde.

- 1.13- MAKLIKE VRAAG:  
Die leerders moes voorwaardes opnoem. Die wat dit puntsgewys gedoen het (dit is nie gevra dat hulle dit so moes doen nie), het hulself baiekeer gekelder en punte verbeur.
- 1.14- MOEILIKE, DOG REGVERDIGE VRAAG:  
Dit het hier oor funksionele gebruik van lettertipe - vorm en - plasing gegaan. 'n Mens kon sien watter skole aandag aan die afdeling gegee het en watter nie.
- 1.15- OULIKE VRAAG:  
Tog het die leerders gesukkel om sinvolle verbeterings voor te stel. Ons het banale antwoorde hier gekry.
- 1.16- SLIM VRAAG:  
En die leerders het dit goed beantwoord.
- 1.17- REGVERDIGE VRAAG  
Leerders moes sintuiglike ervaring verduidelik en baie het nie geweet wat dit beteken het nie.

## VRAAG 2

1.1 Die vraag het 'n leerder se opsommingsvaardighede getoets.

1.2 Leeruitkoms 2 (Lees en Kyk) is getoets. Asseseringstandaard 1.5 was van toepassing.

1.3 Leerders moes 'n puntsgewyse opsomming in volsinne in hul eie woorde maak oor hoe om veiliger gedurende die vakansie te wees. Die opsomming het basies op bevelsinne gefokus. Daar was heelwat leerders wat nog steeds in telegramstyl verval, nie die korrekte getal woorde aandui nie en nie volsinne geskryf het nie. Hulle is dan erg gepenaliseer. Die teks was maklik, hoewel leerders tog sekere groeperings uit die teks eers moes maak voordat hulle kon opsom.

## VRAAG 3

1.1

Die vraag het verskillende taal-en grammatika vaardighede en kennis getoets.

Vrae 3.1- 3.18 is op 'n strokiesprent gebaseer.

Vrae 3.19- 3.29 is op 'n koerantartikel gebaseer.

1.2

Leeruitkoms 4 (Taal) is getoets. Die volgende asseseringstandaarde was van toepassing:

AS 1: 1.1, 1.2, 1.3, 1.4, 1.5, 1.6, 1.7, 1.8 en 1.9

AS 2: 2.1, 2.4, 2.6, 2.7, 2.8, 2.9, 2.10, 2.12 en 2.13

AS 3: 3.1 en 3.3

Die leerders het baie sleg gevaar hier. Die vrae was voor die hand liggend, maar die voorbeelde waarmee hulle moes werk, ongewoon.

1.3

- **3.1- REGVERDIGE VRAAG:**  
Leerders moes die intensiewe vorm van ernstig gee. Die meeste het die egter as twee woorde geskryf en dan is dit verkeerd gemerk.
- **3.2- REGVERDIGE VRAAG:**  
Leerders moes 'n persoonsnaam vorm van inwoners wat in Engeland bly. Baie het foutiewelik "Engelands" i.p.v. Engelse/ Britte geskryf.
- **3.3- MOEILIK, DOG REGVERDIGE VRAAG:**  
Leerders moes 'n sin in die verlede tyd skryf. Dit was 'n saamgestelde sin wat ook hulpwerkwoorde van tyd en wyse bevat het. Leerders het verstrengel geraak tussen die baie werkwoorde.
- **3.4- MAKLIKE VRAAG:**  
Leerders moes die verkleinwoord van "rugprobleme" gee. Baie het nie besef hulle antwoord moes in die meervoud geskryf word nie.
- **3.5- STRIKVRAAG:**  
Leerders moes 'n selfstandige naamwoord met behulp van 'n metamorfeem (wat nie in die NKV is nie) vorm. Baie kon dit darem baasraak.



*Ikamva eliqaqambileyo!*

- **3.6- REGVERDIGE VRAAG:**  
Leerders moes 'n sin in die ontkennde vorm skryf, maar die voorbeeld het meer as een moontlike antwoord gehad en dit het baie verwar.
- **3.7- REGVERDIGE VRAAG:**  
Daar is van leerders verwag om te verklaar aan watter taal die woord "garage" ontleen is. Baie het nie geweet nie.
- **3.8- MOEILIK, DOG REGVERDIGE VRAAG:**  
Leerders moes 'n uitroepsin omskep in 'n vraagsin. Die woordjie "net" het baie gekelder.
- **3.9- MOEILIKE VRAAG:**  
Daar is van leerders verwag om 'n enkelvoudige sin uit te brei met 'n bywoordelike bysin. Die selfstandige werkwoord "het" moes uitgebrei word en bitter min leerders kon dit bemeester.
- **3.10- BILLIK, DOG MOEILIKE VRAAG:**  
Hulle moes 'n sin in die lydende vorm skryf. Die "daar-konstruksie" is getoets, maar die leerders het gesukkel hiermee.
- **3.11- BILLIKE VRAAG:**  
Leerders moes onderskei tussen "emigreer" en "immigreer". Dis verblydend dat hulle die verskil ken.
- **3.12- MOEILIK, DOG REGVERDIGE VRAAG:**  
Die leerders moes 'n uitdrukking voltooi. Dis 'n bekende spreektaal-uitdrukking, maar baie leerders kon nie by 'n "'n plan duisend" uitkom nie.
- **3.13- BILLIKE VRAAG:**  
Daar is van hulle verwag om die korrekte idiomatiese werkwoord in te vul. Baie het geweet dat "'n plan beraam, prakseer of bedink" moet word.
- **3.14- SIMPEL VRAAG:**  
Hulle moes die semantiese funksie van 'n voorvoegsel verduidelik, maar die voorvoegsel was nie eintlik 'n voorvoegsel nie. **ALLE LEERDERS IS EGTER BEVOORDEEL EN HET DIE PUNT GEKRY, ONGEAG HULLE ANTWOORDE.**
- **3.15-BILLIKE VRAAG:**  
Die kandidate moes 'n implisiete boodskap aflei en jammerlik vreeslik daarmee gesukkel.
- **3.16-BILLIKE VRAAG:**  
Die vraag het oor geslagstereotipering gegaan en leerders het dit vanjaar baie beter beantwoord.
- **3.17-REGVERDIGE VRAAG:**  
Emotiewe taalgebruik moes in neutrale taalgebruik omskep word. Leerders sukkel hiermee en behoort meer hieraan blootgestel te word.
- **3.18- BILLIKE VRAAG:**  
'n Spelfout moes geïdentifiseer word. Dit was nie 'n bekende verkeerdgespelde woord nie. Baie het die alledaagse woord "noudat" wat een woord moet wees, misgekyk.
- **3.19-DUBBELSINNIGE VRAAG:**  
Kontaminasie is getoets, maar die stelwyse van die vraag het ook ander antwoorde moontlik gemaak. Baie het dus goed gevaar hier.
- **3.20- MAKLIKE VRAAG:**  
Almal het geweet wat "paronieme" is.
- **3.21-BILLIK, TOG ONGEWOON:**  
Die leerders moes die afkorting KZN in woorde skryf. Die spelwyse het vele gekelder. (KwaZulu-Natal)
- **3.22- ONVANPASTE VRAAG:**  
Daar is nie volgens die NKV iets soos die "aantonende wyse" nie! **ALLE LEERDERS IS EGTER BEVOORDEEL EN HET DIE PUNT GEKRY, ONGEAG HULLE ANTWOORDE.**
- **3.23- BILLIKE VRAAG:**  
Hulle moes die vergrotende trap van "skaars" neerskryf, maar ongelukkig het spelling baie in die hek laat duik, maar baie het nie die name van die trappe geken nie.
- **3.24- OULIKE VRAAG, LOMP VERWOORD:**  
Dit het oor aksent binne sinsverband gegaan. Omdat daar volgens die NKV nie iets soos "sinaksent" is nie, was **ALLE LEERDERS EGTER BEVOORDEEL EN HET DIE PUNT GEKRY, ONGEAG HULLE ANTWOORDE.**



- **3.25- BILLIK, DOG ONGEWOON:**  
Leerders moes die determineerder (d.w.s. bepaalde lidwoord of aanwysende voornaamwoord) aandui. Hulle het nie die begrip uit die NKV geken nie.
- **3.26- MOEILIKE VRAAG:**  
Hulle moes die hoofsinnig uitwys, maar die bywoordelike bepaling (oor die millennia) het leerders laat struikel.
- **3.27- BILLIKE VRAAG, LOMP GESTEL:**  
Die “indirekte rede” is getoets, maar leerders het nie beseft dat indirekte rede moet voortvloei uit direkte rede nie en het dus met die verkeerde sin gewerk.
- **3.28- BILLIKE VRAAG:**  
Die “teenwoordige deelwoord” is getoets. Baie het egter hiermee gesukkel.
- **3.29- MAKLIKE VRAAG, SWAK BEANTWOORD:**  
Hulle moes uit ‘n woordeboek-inskrywing die oorsprongtaal van ‘n woord aflei. Min het geweet “G” staan vir Grieks.

## 2. ANY ADVICE THAT YOU COULD GIVE TO EDUCATORS TO HELP LEARNERS TO REACH THE EXPECTED LEVELS

- By die Begripslees moet leerders oefen om stellings waarop ‘n “ja”/“nee” vereis word te motiveer.
- Laat leerders geïmpliseerde betekenis mondelings en skriftelik oefen.
- Werk baie met advertensies en reklametaal en laat leerders die teikenmark skriftelik verwoord.
- Leer die leerders om argument vir of teen ‘n saak te verwoord.
- Leer hulle om krities na advertensies te kyk en hulle uitmekaar te trek. Laat hulle voorstelle aan die hand doen hoe hulle die advertensie sou verbeter het.
- Moenie die opsomming afskeep nie. Oefen dit gereeld.
- Maak hulle tog bewus daarvan dat intensiewe vorme EEN woord is behalwe **wawyd oop en alom bekend**.
- Spandeer ‘n bietjie tyd aan leenwoorde al is dit net ter verfrissing.
- Oefen tye en lydende vorm met ‘n bietjie moeiliker voorbeelde dan is hulle gereed om enige knewel aan te pak.
- Leer hulle onderskei tussen verwarrende woorde.
- Laat hulle alledaagse gebruiksidiome uit koerante en tydskrifte saambring klas toe en deel dit met almal.
- Moenie die idiomatiese werkwoord afskeep nie, al beteken dit dat julle vir hulle leerlyste saamstel.
- Oefen implisiete boodskappe en betekenis.
- Maak hulle voortdurend bewus van emotiewe versus neutrale taalgebruik.
- Werk met afkortings wat daagliks in koerante en in die media gebruik word. Maak dit ‘n weeklikse kompetisie om te kyk wie met watter afkorting die onderwyser kan “uitvang”.
- Leer die kinders die begrippe soos vergrotende trap, teenwoordige en verlede deelwoord en determineerder.

## 2. ANY OTHER COMMENTS

Die volgende dinge verdien deurlopend aandag:

Woordeboekwerk

Sinsuitbreiding met byvoeglike en bywoordelike bepalings

Blootstelling aan ‘n verskeidenheid tekste

Basiese vaslegging van taalaangeleenthede soos idiomatiese werkwoord, sinonieme, antonieme, paronieme, doeblette ens.